## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 14 SEPTEMBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER LEDE**

Rdh. A de Vries
Rdl. A du Plooy

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DJ Josephus | - | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. Z Julius | - | Assistent: Interne Ouditeur |
| Mnr. H Vermeulen | - | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | - | Klerk: Komitee Dienste |

**AKSIE**

**BKN001/09/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Uitvoerende Burgemeester almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/09/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste - verlof
Interne Ouditeur - kraamverlof

***

**BKN003/09/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN004/09/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 29 Augustus 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**BKN005/09/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Interne Ouditeur geboorte geskenk het aan 'n babaseun op Woensdag 13 September 2017; en

- Dat 'n beplande protesoptog deur die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) gehou word op Vrydag 15 September 2017 en wens die Direkteur Gemeenskapsdienste en sy span sterkte toe vir die dag.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat alle Raadslede en Direksie by die protesoptog teenwoordig sal wees, behalwe die Munisipale Bestuurder en Direkteur Tegniese Dienste, weens ander munisipale verpligtinge; en

- Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede ingedeel word vir die publieke vergaderings wat plaasvind vanaf 18 - 21 September 2017.

Die Uitvoerende Burgemeester rapporteer met betrekking tot die publieke vergadering wat gehou is op Maandag 11 September 2017 in Velddrif, waarna hy die Stadsbeplanner: Wes en Boubeheerbeampte (Velddrif)

komplimenteer vir die wyse waarop hulle die vergadering beheer het. Verder versoek hy dat terugvoering gegee word aan die inwoners van Velddrif rakende die beplanning van Pelikaan Strandoord na oorweging deur die Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/09/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN007/09/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/09/2017**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en neem die komitee deur die statusverslag.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste die verslag elektronies versprei aan alle raadslede.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Raadslid du Plooy bedank die Direkteur Tegniese Dienste en sy span vir die goeie kommunikasie met die gemeenskap rakende die waterkrisis in die Wes-Kaap.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die komitee.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/09/2017**
**VERSOEK VIR GROND IN VELDDRIF/LAAIPLEK (LEêR VERW.: L. 688; V. 1283 & 1438)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en neem die komitee deur die aanbeveling.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die komitee.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling 'n prosesplan van die "Spatial Development Framework" (SDF) by die volgende staande komiteevergadering voorlê.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat toestemming verleen word vir die ontwikkeling van Erf 1438, Velddrif, ten einde voorsiening te maak vir besigheidsonering en 'n owerheidsonering in ooreenstemming met Bylae M.

   1.1 Dat gedeelte A vir publieke tenders beskikbaar gestel word, met 'n insetprys bereken teen R78.00 (BTW ing.) per vierkante meter.

2. Dat toestemming verleen word vir die beskikbaarstelling van die Suidelike gedeelte van Erf 1283, Velddrif ten einde voorsiening te maak vir 'n owerheidsinstelling, ambagskool en ander gemeenskapsfasiliteite, insluitend maar nie beperk tot die volgende (in ooreenstemming met Bylae M): crèche/kleuterskool, nasorg vir skoolgaande kinders, onderrigsentrum vir nie-skoolgaande kinders, rehabilitasie sentrum, herberg vir hawelose persone, ouetehuis.

   2.1 Dat gedeelte 1 beskikbaar gestel word vir 'n veeldoelige gemeenskapsonering;
   2.2 Dat gedeelte 2 beskikbaar gestel word vir 'n gemeenskap-sonering;
   2.3 Dat gedeelte 3 beskikbaar gestel word vir 'n owerheidsonering;
   2.4 Dat gedeeltes 1 en 2 per publieke tender beskikbaar gestel word met 'n insetprys bereken teen R78.00 (BTW ing.) per vierkante meter.
   2.5 Dat die eiendom nie deur die Munisipaliteit benodig word vir die lewering van dienste nie; en
   2.6 Dat tenderaars verantwoordelik sal wees vir alle kostes vir die beskikbaarstelling en aansluiting tot die dienste-netwerke.

***

**BKN010/09/2017**
**VISHUISPERSEEL NO. 4, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN): TOESTEMMING VIR SEDERING/ONDERVERHURING (V486; SEKURITEITE)**
**17/12/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die komitee lede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die aansoek van Mev. ML. Clunie om 'n gedeelte van vishuisperseel No. 4 (Ek en Djy Visserye) geleë op Erf 486, Velddrif aan Mnr. P.L. Conning te sedeer, ingevolge klousule 3 van haar huurooreenkoms, **nie toegestaan word nie**, omrede 'n nuwe huurperseel geskep sal moet word met 'n aparte huurkontrak wat tans nie geakkommodeer kan word nie;

2. Dat die aansoek van Mev. ML. Clunie om 'n gedeelte van vishuisperseel No. 4 (Ek en Djy Visserye) geleë op Erf 486, Velddrif aan Mnr. P.L. Conning (ID no: 5012085082089) te onderverhuur, ingevolge klousule 3 van haar huurooreenkoms, **goedgekeur** word, onderworpe daaraan dat die bestaande huurkontrak van Mev. M.L. Clunie en die bepalings daarin vervat onveranderd en van toepassing bly;

3. Dat huurders aan die voorskrifte van die bestuursplan voldoen en enige afwyking daarvan moet aan die Raad voorgelê word vir oorweging; en

4. Dat Mnr P.L. Conning ingelig word dat die huurkontrak op 30 November 2018 verval.

***

**BKN011/09/2017**
**PELICAN BEACH RESORT: ERF 576 LAAIPLEK (FILE REF.: L.576)**
**15/3/8**

The Portfolio Chairperson gave a brief background of the item under discussion.

The Executive Mayor requested that a target date be linked to the process.

Various inputs and comments were made by the committee.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That Option 4 be approved as the Master Plan for the development of Pelican Beach Resort;

2. Phase 1: engineering drawings be compiled for the development of Option 4;

   Phase 2: construction of a portion of the access road up to the public parking, expansion of public parking, day camping and coastal access area (access road up to parking area, additional parking, walkways/paths, upgrade existing ablution facilities and picnic/braai facilities);

   Phase 3: construction of the pay day camping facilities (upgrade swimming pool area, additional structures and associated infrastructure e.g. paving and fencing;)

   Phase 4: construction of thoroughfare road;

   Phase 5: construction of the longer term stay/pay facilities (camp sites, convert one chalet into admin office, restoration of chalets and internal roads);

   Phase 6: development of 99 year lease sites (internal roads, civil- and electrical services as well as fencing);

3. That the subdivision and rezoning required for separation of East Street from the rest of the resort proceed.

   3.1 That the proposal received from Rising Tides Pty Ltd and Tarsius Agtien Pty Ltd not be accepted as it cannot be accommodated within the provisions of the Local Government: Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.
   3.2 Be ***removed;*** and

4. That the Director Community Services compile a framework of key deadlines and budget for the implementation per phase.

5. That the Director Community Services presents the report to the Community Services Committee.

***

**BKN012/09/2017**
**POMA ALGEMENE JAARVERGADERING**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en lees die verslag voor aan die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die voorgestelde veranderinge in die Memorandum van Inlywing van Port Owen Marina Authority NPC;

2. Dat Raadsdame SM Crafford aangewys word om vir die komende jaar as Bergrivier Munisipaliteit se verteenwoordiger op die POMA raad te dien; en

3. Dat Raadsdame SM Crafford gemagtig word om die algemene jaarvergadering van POMA op 20 September 2017 by te woon en op die vergadering namens Bergrivier Munisipaliteit ten gunste van die aanvaarding van die nuwe Memorandum van Inlywing te stem.

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE***

***

**BKN013/09/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for July 2017.

***

**BKN014/09/2017**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee 'n breë opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die aangehegte delegasies van die Direkteur Gemeenskapsdienste terugwerkend met ingang van 1 September 2017 goedgekeur word.

***

**BKN015/09/2017**
**WYSIGING VAN SELFOONBELEID**
**5/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat indien individuele probleme ondervind word rakende 'n selfoon/rekening, dit aan die Bestuurder: Administratiewe Dienste gerapporteer/opgeneem word.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word, dat elke personeellid wie tans oor 'n amptelike selfoon beskik, reeds per memorandum in kennis gestel is oor die werking van die nuwe selfoonkontrakte van Vodacom;

2. Dat die gewysigde selfoonbeleid goedgekeur word; en

3. Dat die onderskeie Bestuurders en Hoofde die inhoud van die selfoon-beleid onder die aandag van die betrokke personeel bring.

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE***

***

**BKN016/09/2017**
**VERSLAG VIR LAAT AFLEWERING VAN MUNISIPALE REKENINGE IN AUGUSTUS 2017**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item, waarna sy die aanbeveling aan die komitee voorlees.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

***(Die Stadsbeplanner: Wes verlaat die vergadering om 12:15 met toestemming)***

**BESLUIT**

1. Dat die komitee kennis neem van die verslag;

2. Dat die komitee toestemming verleen om inbetalings tot op 04 September 2017 te aanvaar vir 31 Augustus 2017 se kwitansies; en

3. Dat rente wat op 05 September 2017 gehef word, teruggeskryf word indien die rekening ten volle betaal is op die laaste dag van September 2017.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN017/09/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 19 JULIE 2017**
**8/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in dat die dienslewering aan Goedverwacht en Wittewater bespreek was by die Informele Direksie op Maandag 04 September 2017.

Die Uitvoerende Burgemeester reël dat 'n In-Komitee gesprek met die Speaker sal plaasvind oor die aangeleentheid, na afloop van die vergadering.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Woensdag 19 Julie 2017.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN018/09/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 27 JULIE 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Donderdag 27 Julie 2017.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN019/09/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN020/09/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN021/09/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN022/09/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN023/09/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:20***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
2 6 SEP 2017
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***